

## HOOFSTUK X.

## OORGANGSKLANKE.

334. Behalwe in die geval van volkome homorgane klanke (d.i. met dieselfde organe voortgebring), is die oorgang tussen twee opmekaarvolgende klanke nooit direk nie, maar langs die weg van 'n onbepaalde aantal tussenklanke, hoorbaar of nie.<sup>1</sup> So is daar geen, of so goed as geen tussenklank tussen die **ss** van **as sei kòm** as *sy kom* of die **st** van **lastəx** *lastig* nie.

335. Gewoonlik egter is die oorgang van een klank op die ander nie direk nie, maar geleidelik, en wel langs die weg van tussenklanke. Dit kos maar 'n oomblik se nadink om jou van die bestaan van sodanige tussenklanke in teorie te oortuig. Spreek ons die woord **pət** *pot* uit, dan is dit duidelik dat die spraakorgane nie onmiddellik, d.w.s. sonder tussenklank, oorgaan van die bilabiale eksplisief **p** op die agterklinker **ɔ** en vervolgens op die alweolêre eksplisief **t** nie. Van **p** na **ɔ** verander die spraakorgane geleidelik van posisie, en so ook van **ɔ** na **t**. Hierdie geleidelike verandering van artikulasiestand loop oor tussenklanke, wat egter vir geen noemenswaardige tyd aangehou word nie en daardeur so vlugtig is dat daar gewoonlik geen rekening mee gehou word nie. Hierdie tussenklanke noem ons *oorgangsklanke*.

336. Oorgangsklanke verskil in waarneembaarheid. Wanneer die begin- en die endpunt bekend is, bv. in die woord **pa**: *pa*, dan is dit maklik om in teorie die tussenklank of tussenklanke te bepaal, aangesien altoos die kortste weg gevolg word. In die werklikheid staan die saak anders. Om mee te beginne val dit die ongeoefende oor soms baie moeilik om die aanwesigheid van 'n oorgangsklank op te merk, en daar is genoeg gevalle wat selfs die geoefende oor nie kan waarneem nie.

337. As die ongeoefende oor die woord **bas** *bas* uitspreek, hoor hy geen oorgangsklank tussen die **b** en die **a** nie, al twyfel hy ook volstrek nie aan die bestaan daarvan nie. Wanneer hy egter die sluiting van die **b** langsaam verbreek, sal hy uiteraard die stemhebbende bilabiale frikatief **v** hoor, veral as hy die woord fluister. Gaan hy vervolgens daartoe oor om die woord **ba:ci** *baadjie* uit te spreek, dan sal hy duidelik waarneem dat daar 'n **i** volg op die **a**; al is hierdie **i** nie vir iedereen so duidelik as die op die end nie.

<sup>1</sup> Vgl. Beyer, *Französische Phonetik*<sup>4</sup>, § 102 en Passy, *Petite Phonétique Comparée*, § 271.

338. Net die goed waarneembare oorgangsklanke het praktiese waarde. In 'n breë transkripsie word oorgangsklanke nie aangeduie nie. Wanneer vereis, word 'n oorgangsklank aangeduie deur bo die lyn te plaas die simbool vir die klank waarmee dit die meeste ooreenkom. Op die manier kan *baadjie* getranskribeer word **ba<sup>1</sup>:ci**.

Ook is dit net die eerste en die laaste van 'n reeks oorgangsklanke òf, wanneer oorgegaan word van stilte op 'n klank òf van 'n klank op stilte, een hiervan wat praktiese waarde het. Die aard van sodanige oorgangsklank word altoos bepaal deur die naaste vol klank.

339. Veral by tweeklanke is oorgangsklanke te verwag: uit die aard van die saak moet die oorgang van die een element op die ander geleidelik wees. Neem die tweeklank **au au**: van **a** na **u** moet die tong uiteraard deur klankposiesies gaan wat, as dit aangehou word, tiepes van die tussenliggende klinkers **ɔ** en **o** sou oplewer. As **au** uitgerek en baie geleidelik uitgespreek word, word sodanige klinkers inderdaad gehoor.<sup>1</sup>

340. Dit kan soms moeilik wees om die grens te bepaal tussen 'n oorgangsklank en 'n vol klank. *Baadjie* lewer so'n geval op. Ons skrywe in hierdie geval geen *i* na die *aa* nie, in *baaitjie* daarenteë wel; tog is daar weinig of geen verskil tussen die twee woorde (vgl. § 465).

341. Oorspronklike oorgangsklanke wat vol klanke geword het word soms erken in die ortografie. Dit is die geval met die **p** van *boompie* **bo:mpi**. Die verkleiningsuitgang is hier eintlik *-ie*, vgl. *omie* **o:mi**, verkleinwoord van *oom* **o:m**. **p** het ontstaan as oorgangsklank deurdat die sluiting van die lippe aangehou is nadat die weg tot die neus reeds afgesluit was, m.a.w. die nasale karakter van die klank verdwyn het. Sodanige erkenning vind lank nie altoos plaas in die ortografie nie, maar daar is soms ook praktiese besware.

342. *Oorgangsklanke* is dus tussenklanke wat natuurlikerwyse ontstaan deur die kortste, d.w.s. die natuurlike weg te volg van die een klank na die ander. Dis geen opsetlike klanke nie, maar as 't ware toevallige<sup>2</sup> klanke wat vanself ingevoeg word by die uitspreek van vol klanke. Hierdie ingevoegde tussenklanke of oorgangsklanke kan vol klanke word, soos aangetoon in die vorige paragraaf. Lank nie elke ingevoegde klank het egter as oorgangsklank ontstaan nie. In elke taal is daar die sodaniges wat deur analogie ontstaan het.<sup>3</sup> Hiertoë behoort die **n** van *jounə* *joune* naas *jouə* *joue*. Hierdie **n** is ontstaan onder invloed van die van die korrelatiewe vorm *meinə* *mynə*, omdat dit twee vorme is wat

<sup>1</sup> Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*<sup>3</sup>, § 70.

<sup>2</sup> Vgl. Passy, *Petite Phonétique Comparée*, § 266.

<sup>3</sup> Vgl. De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, § 143.

kragtens hulle betekenis, voortdurend met mekaar in verband staan.

343. So ver het ons net gehandel oor oorgangsklanke tussen twee vol klanke. Oorgangsklanke kan egter netsogood voorkom van stilte op 'n spraakklank of van 'n spraakklank op stilte. In die eerste geval praat ons van die *aanloop*, in die tweede van die *afloop*.<sup>1</sup> So is *v* in Afrikaans stemhebbend van begin tot end, maar die Engelse *v* het o.a. na 'n stilte 'n stemlose begin, sodat *vi:l veal* eintlik *fvi:l is*.<sup>2</sup> Met ander woorde *f* is hier die aanloop van Eng. *v*. Op dieselfde manier word die Eng. slot-*z* o.a. voor stilte uitgespreek met die laaste gedeelte stemloos, sodat *li:dz leads* eintlik *li:dz<sup>s</sup> is*.<sup>3</sup> Met ander woorde *s* is hier die afloop van Eng. *z*.

344. Die aanloop is eintlik die laaste oorgangsklank vóór 'n vol klank, die afloop die eerste oorgangsklank ná 'n vol klank. Die twee terme is dus nie beperk tot die respektiewe gevalle van stilte op 'n vol klank of van 'n vol klank op stilte nie, hoewel hulle ekwivalente in die vakliteratuur meestal so gebruik word. Hulle kan netsogood gebruik word ten opsigte van twee opmekaar-volgende vol klanke, een aan elke kant.

345. Ons kan as stelreël aanneem dat daar van die oorgang van stilte op 'n vol klank of van 'n vol klank op stilte oorgangsklanke aanwesig is. Of hulle praktiese waarde het is 'n ander saak. Wanneer van stilte oorgegaan word op *s*, bv. in die woord *sɛ: sé*, dan word die vernouing van die *s* nie ineens gevorm nie: daar is oorgangsklanke tussen die posisie van *rus* en die vir die *s*. As van 'n klinker oorgegaan word op stilte, bv. by die *a:* van *pa: pa*, dan hou die klinker nie ineens op nie. By die verwydering van die stembande ontstaan, as afloop van die *a:*, 'n vaag tiepe van klinker, wat niks anders is nie as 'n *fi*, telkens verskillend alna die voorafgaande klinker verskil (vgl. § 814 (ii)). Iets dergelyks geld van ander gevalle. Hierdie oorgangsklanke is moeiliker waarneembaar en minder belangrik, veral die eerste, as die in § 343 genoem, maar hulle bestaan nietemin.

346. 'N *oorgangsklank* kan dus as volg omskrywe word: dis 'n bewegingsklank (d.i. klank sonder noemenswaardige duur) wat, onder die spreek, natuurlikerwyse ontstaan tussen twee vol klanke, òf van stilte op 'n vol klank òf van 'n vol klank op stilte.

**Literatuur.**—Ons verwys o.a. na die volgende: Noël-Armfield, *General Phonetics*,<sup>3</sup> §§ 70-73; Jespersen, *Lehrbuch*,<sup>1</sup> § 165 volg. en *Phon. Grundfragen*, § 116 volg.; De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*,<sup>2</sup> §§ 132-143 (bevat suggestiewe opmerkinge); Passy, *Petite Phonétique Comparée*, §§ 266-273.

<sup>1</sup> Die volledige vorme sou wees *aanloopoorgangsklank* en *afloopoorgangsklank*. Vgl. die twee gerieflike terme van Sweet: *on-glide* en *off-glide*.

<sup>2</sup> Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 605.

## HOOFSTUK XI.

## DIE LEER VAN DIE EKSPLOSIEWE.

DIE BESTANDEDELE VAN 'N EKSPLOSIEF. DIE ONTPLOFFING  
VAN 'N EKSPLOSIEF.

347. 'N volledige eksplosief bestaan uit drie gedeeltes: die *afsluiting*, die *sluiting* en die *verbreking*. Om bv. 'n **p** uit te spreek, moet die lippe bymekaarkom en sodoende die uitstromende asem afsluit; die sluiting wat op die manier ontstaan het, moet enige tyd aangehou word; daarop volg die verbreking.

„Afsluiting” duie aan 'n werking, nl. die bymekaarkom van die artikulerende organe; „sluiting” duie aan 'n toestand, nl. dat die artikulerende organe gedurende enige tyd in die posisie van kontak bly.

348. Die sluiting besit noemenswaardige lengte, die afsluiting het, net soos die verbreking, geen noemenswaardige lengte nie. Die klank wat gedurende die sluiting ontstaan, word genoem die *sluitingsklank*. In die geval van 'n stemlose eksplosief bestaan hierdie klank uit blote stilte.

349. Die verbreking van die sluiting van die artikulerende organe veroorsaak 'n plotselinge voortstrooming van die asem; die klank hierdeur veroorsaak heet *ontploffing*. Die ontploffing is 'n momentane klank, sonder noemenswaardige lengte.

350. Die ontploffing is verskillend in krag in verskillende tale. In Afrikaans is dit swak, in Engels sterk: vergelyk bv. die **k** van Afr. *lak lak* met die van Eng. *læk lack* (vgl. § 171 (iii)). Die ontploffing van 'n stemhebbende eksplosief is swakker as die van 'n stemlose, ten gevolge van die omstandigheid dat die asemstroom in die eerste geval gestrem word deur die trilling van die stembande.

351. Die asem wat voortstroom by die verbreking van die sluiting duur uiteraard enige tyd voort na die verbreking.<sup>1</sup> Voor 'n stilte is 'n eksplosief dus nie uit te spreek sonder 'n volgende klank, nl. hierdie voortstrooming van die asem nie.<sup>2</sup> Hierdie klank is die afloop van die eksplosief, m.a.w. 'n oorgangsklank (vgl. § 343). By 'n stemlose eksplosief is die afloop stemloos, nl. 'n tiepe van **h** (vgl. die volgende paragraaf, opm. 1); by 'n stemhebbende

<sup>1</sup> Daar bestaan tale waarin dit nie gebeur nie, vgl. Jespersen, *Phon. Grundlagen*, bl. 112, noot 2. Hierdie geval mag ons egter buiten beskouing laat.

<sup>2</sup> Dit is glad iets anders as wat die leek bedoel wanneer hy sê dat 'n eksplosief nie op sigself uitgespreek kan word nie en hy bv. 'n *p* weergee as *pee*. Hierdie opvatting en uitspraak behoort sterk teëgewerk te word.

eksplosief is die afloop stemhebbend, nl. ə. Stemhebbende splosiewe kom nie in Afrikaans voor 'n pouse voor nie (vgl. 9), maar die ə kan gehoor word in Engels, bv. na die **d** van **did**, mits die slot-**d** volledig-stemhebbend uitgespreek word (vgl. § 353 (a)).

#### DIE ASPIRASIE VAN STEMLOSE EKSPLOSIIEWE

352. Wanneer 'n stemlose eksplosief gevolg word deur 'n klinker, is daar twee moontlikhede, waarvan in sommige tale die een, in ander die ander aangetref word:—

(a) Met die verbreking van die sluiting begin die stembande onmiddellik te tril vir die volgende klinker. Dit is die geval in Afrikaans, bv. in **pat pad**, **tin tien** en **kas kas**. Sodanige eksplosiewe heet *ongespireerd*.

(b) Tussen die verbreking van die sluiting en die volgende klinker is daar 'n duidelik waarneembare tussenruimte, waarin asem voortstroom uit die mond. Sodanige eksplosiewe heet *geaspireerd*. Hierdie aspirasie is niks anders as 'n tiepe van **h** nie. Wanneer verkies, kan die aspirasie aangeduie word deur 'n <sup>h</sup> bo die lyn. In standard-Engels word stemlose eksplosiewe gewoonlik so uitgespreek in beklemtoonde lettergrepe. Die Engelse woorde *pin*, *ten*, *cat*, kan dan getranskribeer word **p<sup>h</sup>ɪn**, **t<sup>h</sup>ɛn**, **k<sup>h</sup>æt**.

**Opm. 1.**—Ons beperk hier die woord „aspirasie” tot die asem voor klinkers. Op die end, d.w.s. voor 'n pouse, word daar, behoudens die beperking gemaak in § 351, noot 1, na elke stemlose eksplosief aspirasie van 'n bepaalde graad waargeneem: vergelyk maar die aanvangs- met die sloteksplosief in die woorde **pap pap**, **tɛ:rt tɛrt** en **ko:k kook**.

**Opm. 2.**—In sommige tale word aspirasie waargeneem nie alleen voor klinkers nie, maar ook voor medeklinkers, o.a. in Engels, bv. in die kombinasies **tr**, **pl** en **kw**: **t<sup>h</sup>rɪr try**, **p<sup>h</sup>leɪ play**, **k<sup>h</sup>wɪk quick**. In Afrikaans gebeur dit egter nie, of dit moet wees by sprekers wat „met 'n Engelse mond” praat.

**Opm. 3.**—In sommige tale word stemhebbende eksplosiewe ook geaspireer en kan die aan- en afwesigheid van aspirasie betekenis-aanduidend wees.<sup>1</sup>

**Opm. 4.**—Wie in sy taal hetsy die geaspireerde, hetsy die ongeaspireerde eksplosief nie besit nie, vind dit aanvanklik moeilik om die ontbrekende klank te laat hoor. Ons, Hollandssprekende Afrikaners, moet veral oppas dat ons, in die poging om die Engelse stemlose eksplosief te aspieer, nie die stemhebbende **h** (ons **ɦ**) i.p.v. die stemlose **h** uitspreek nie. Versover ons nie van kleinsaf vertrouwd was met die Engelse uitspraak nie, begaan ons deurgaans hierdie fout.

**Opm. 5.**—Om die geaspireerde eksplosief aan te leer, bv. van Engels, kan beginne word met die Afrikaanse stemlose eksplosief op die end en die aspirasie wat daar aanwesig is kan dan net versterk word. 'N ander, waarskynlik doeltreffender manier sal wees om eers te leer om klinkers stemloos uit te spreek (nie te „fluister” nie), want 'n **h** is niks anders nie as 'n bepaalde tiepe van stemlose klinker (vgl. § 819).

<sup>1</sup> Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*, §§ 83-85.

## STEMHEBBENDE EKSPLOSIIEWE.

353. Die mate van stem wat daar waargeneem word gedurende die sluiting van stemhebbende eksplosiewe is verskillend in verskillende tale.<sup>1</sup> Daar is twee moontlikhede, waarvan hetsy die een, hetsy die ander in 'n taal reël is:—

(a) Stem word waargeneem van begin tot end van die sluiting. Sodanige eksplosiewe heet *volledig-stemhebbend*. Dit is die geval o.a. in Frans.<sup>2</sup>

(b) Stem word net gedurende 'n gedeelte van die sluiting waargeneem. Sodanige eksplosiewe heet *gedeeltelik-stemhebbend*. Dit is die geval in Afrikaans en ook in Engels. In albei tale begint 'n stemhebbende eksplosief stemloos en is net tussen stemhebbende klanke volledig-stemhebbend.<sup>3</sup> So begin die **d** van **dun** doen stemloos, terwyl dit volledig-stemhebbend is in woorde soos **skandə skande** en **budəl boedel**.

354. Daar is 'n derde tiepe van sogenaamd-stemhebbende eksplosief, waarby stem eers by die verbreking intreë. Op die manier ontstaan die sogenaamde stemlose **b**, **d**, **g**, foneties voorgestel **b**, **d**, **g**. Hierdie klanke kom nou ooreen met ongeaspireerde **p**, **t**, **k**. Die enigste verskil is dat hierdie **p**, **t**, **k** met 'n kragtiger asemstoot gevorm word en die sluiting met 'n bietjie meer spier-spanning plaasvind (die sluiting en verbreking is sterker)<sup>4</sup>. Vgl. § 172 (iii) en § 178.

355. Hierdie laaste tiepe word nie gerekend tot die SU. in Afrikaans nie, maar kan tog by baie gehoor word. So moet verklaar word die taamlik veelvuldige afwisseling by baie Hollandse Afrikaners, veral buiten die Westelike Provinsie, van stemlose en stemhebbende eksplosiewe.<sup>5</sup>

WAARAAN 'N STEMLOSE EKSPLOSIEF TE HERKEN IS<sup>6</sup>.

356. 'N volledige stemlose eksplosief bestaan dus uit drie bestanddele: afsluiting, sluiting en verbreking. Die sluiting is by die normale manier van praat altoos aanwesig, die afsluiting en verbreking dikwels nie (kyk § 361 volg.).

<sup>1</sup> Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*, § 86.

<sup>2</sup> Vgl. Beyer-Passy, *Elementar-Buch des gesprochenen Französisch*, bl. 69.

<sup>3</sup> Vgl. vir Engels Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, bl. 90.

<sup>4</sup> Vgl. Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, § 358.

<sup>5</sup> Hierdie deureenloop van stemhebbende en stemlose eksplosiewe wil Jespersen, in laaste instansie, toeskrywe aan dieselfde oorsaak as die oorgang van stemhebbende konsonante tot stemlose op die end, vgl. § 179, noot 2. In hoever hierdie verskynsel ook op Nederlandse bodem voorkom of voorgekom het, sodat dit geen primêr-Afrikaanse verskynsel is nie, kan ons nie beoordeel nie, maar die verklaring bly dieselfde. Hierdie verskynsel kom ook in ander tale voor, veral in Suid-Duits, vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, § 102 en Jones, *Outline*, §§ 113 en 118.

<sup>6</sup> Let daarop dat dit hier alleen gaan oor stemlose eksplosiewe. By stemhebbende eksplosiewe het ons bowendien stem as herkenningsmiddel.

357. Hierdie steeds aanwesige element, nl. die sluiting, is by stemhebbende eksplosiewe op sy mins vir 'n gedeelte vergesel van stem, wat dus saam met die sluiting as herkenningmiddel dien. By stemlose eksplosiewe egter bestaan die sluiting uit blote stilte, wat in die spraakverband bowendien so vlug ontstaan dat die spreker of hoorder hul daar glad nie van bewus is nie.<sup>1</sup> Die vraag doen hom dus vanself voor: waaraan is, in die spraakverband, 'n stemlose eksplosief herkenbaar?

358. Jespersen lê die stelreël neer dat die wese van elke klank onafhanklik is van sy aan- en afloop,<sup>2</sup> albei waarvan uitsluitend deur die omgewing bepaal word. Hy gaan dan voort met die onvermydelike gevolgtrekking te maak dat die wese van 'n stemlose eksplosief in sy sluiting bestaan.<sup>3</sup> Dit werk hy nader uit deur veral op die volgende te wys: in verbindings soos **ipe iepe**, **apu appoe** en **upo oepe**<sup>4</sup> het die **p**, volgens die leer van die oorgangskanke (vgl. §§ 334-335 en 342-344), telkens 'n ander aan- en afloop; tog bly hy altoos as sulks herkenbaar.<sup>5</sup>

359. Hierdie redenering is in teorie volkome korrek; in die werklikheid ewenwel is dit slegs vir 'n klein gedeelte juis, soos in die volgende paragraaf nader sal blyk.<sup>6</sup> En sy bogenoemde stelreël is net korrek vir nie-afsluitingsklanke; vir afsluitingsklanke daarenteë is dit net in teorie volkome juis, dog in die werklikheid slegs by wyse van uitsondering (vgl. § 361 (d)).

360. 'N stemlose eksplosief op sigself uitgespreek, bv., **p**, **t**, **k**, of na 'n pouse, bv., die **p** in **pat pad**, word as sulks herken aan die ontploffing. Hoe onmoontlik dit is om ten allen tyde die sluiting, m.a.w. die stilte, as die wese van 'n stemlose eksplosief te beskou, soos Jespersen wil doen (vgl. § 358), blyk uit 'n vergelyking van **pas pas**, **tas tas** en **kas kas**. As dit nie was vir die ontploffing nie, sou dit onmoontlik wees om enige verskil te hoor tussen hierdie drie woorde: die sluiting self van die aanvangskonsonante bestaan immers uit blote stilte.

<sup>1</sup> Vgl. Jespersen, *Phon. Grundfragen*, § 122.

<sup>2</sup> Vgl. *Lehrbuch*, § 166 en *Phon. Grundfragen*, § 116.

<sup>3</sup> Vgl. *Lehrbuch*, § 166 en *Phon. Grundfragen*, §§ 116 en 122. In die laaste § sê hy: „Der richtige wissenschaftliche Standpunkt ist doch der, ein Phänomen immer mit Hilfe dessen zu definieren, das unter den variierenden Verhältnissen konstant bleibt, folglich muss man sagen, dass das für ein [p] Charakteristische, artikulatorisch betrachtet, die vollständige Absperrung des Luftstromes von der Aussenwelt mittelst des Lippenverschlusses, und akustisch betrachtet, das dadurch bedingte Nichtaussenden von Luftwellen, mit anderen Worten die Pause, ist.”

<sup>4</sup> Denkbeeldige verbindings, soos hierdie, is die beste, want dit kan gebou word na verkiesing.

<sup>5</sup> Vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, § 165.

<sup>6</sup> Die volgende opmerking van Jespersen: „Man kann in dieser Beziehung sehr wohl anerkennen, dass die An- und Abglitte, wenn es gilt das Gesagte sprachlich aufzufassen, unentbehrlich sind, wie sie ja auch unausbleibliche Folgen der zusammenhängenden Artikulation der ganzen Lautgruppe sind, und dennoch bestimmt leugnen, dass sie den wichtigsten Bestandteil des [p, t, k] ausmachen.” . . . (*Phon. Grundfragen*, § 122) vind ons intendeel 'n uitstekende bewys vir die onhoudbaarheid van sy stelling in absolute sin,

361. 'N stemlose eksplosief, tussen ander klanke uitgespreek, word herken:—

(a) Aan die afsluiting : bv. die **k** in **trɛktou** *trektou*, wat sonder ontploffing is (vgl. § 363). Die afsluiting is by fluister duidelik te hoor. By die normale manier van praat sal die sluiting ook wel meewerk as herkenningsmiddel, maar die afsluiting is die beslissende faktor. Dit blyk duidelik wanneer ons 'n woord soos **fat** *vat* uitspreek sonder die sluiting van die **t** ook maar vir 'n enkel moment aan te hou en sonder dat daar die minste sprake van enige ontploffing is. Tog sal die **t** duidelik waarneembaar wees as sulks.<sup>1</sup> 'N ander proef is die volgende : spreek 'n stemlose eksplosief wat sonder ontploffing is maar wel 'n afsluiting het, so uit dat die afsluiting nie hoorbaar is nie ; die eksplosief is dan volkome onhoorbaar. Die **k** van **trɛktou**, so uitgespreek, is 'n voorbeeld.

(b) Aan die ontploffing (verbreking) : bv. die tweede **t** in **trɛktou**, wat sonder hoorbare afsluiting is (vgl. § 363).

(c) Aan die afsluiting en die ontploffing : bv. die **t** van **be:tər** *beter* of die van **bətər** *bitter*. Die ontploffing oorweeg hier as herkenningsmiddel.

(d) Aan die sluiting, wat hier uit blote stilte bestaan : bv. die **k** van **əŋkpət** *inkpot* of die **t** van **vəntpəmp** *windpomp*, waar die betreffende eksplosief sowel sonder afsluiting as ontploffing is (vgl. § 363). Die sluiting van die betrokke eksplosief is volkome gelyk aan die van die voorafgaande nasaal en hy word as sulks herken enkel en alleen deurdat die nasale stem deur stilte vervang word, ten gevolge naamlik van die afsluiting van die neuskanaal.

(a), (b) en (c) is die reël in Afrikaans, (d) die uitsondering.

#### ONVOLLEDIGE EKSPLOSIEWE.

362. Wanneer 'n eksplosief sonder afsluiting is, of sonder verbreking, of sonder albei, word sodanige eksplosief *onvolledig* genoem. Soos soëwe opgemerk (vgl. § 361 (d)), behoort die afwesigheid van albei bestanddele tot die besliste uitsondering in Afrikaans.

363. Wanneer twee nie-homorgane eksplosiewe (d.w.s. wat nie met dieselfde spraakorgane gevorm word nie) onmiddellik op mekaar volg in Afrikaans en die tweede meer vorentoe gevorm word as die eerste, word die volgende twee besonderhede waargeneem in die artikulasie van die betrokke twee eksplosiewe : (a) die sluiting van die tweede word gevorm voor die van die eerste verbreek word, (b) ten gevolge daarvan is die eerste eksplosief sonder ontploffing, die tweede sonder hoorbare afsluiting. Voorbeelde : **bakdax** *bakdag*, **trɛktou** *trektou* ; **trɛkpas** *trekpas*, **bœykpɛin** *buikpyn* ; **sətplɛk** *sitplek*, **pətbo:m** *pitboom*.

<sup>1</sup> 'N nog beter toets sou wees om 'n woord te neem wat nie werklik bestaan nie en dit op hierdie manier uit te spreek, terwyl iemand anders luister, sodat so iemand nie weet wat kom nie.

<sup>1</sup> 'N afsluitingsklank sonder ontploffing word ook genoem 'n *okklusief*, vgl. *Le Maître Phonétique*, Avril-Juin, 1925, bl. 13.



364. Wanneer 'n nie-homorgane eksplosief en vernouingsklank onmiddellik op mekaar volg in Afrikaans en die tweede meer vorentoe gevorm word as die eerste, word die volgende twee besonderhede waargeneem in die artikulasie van die betrokke konsonante: (a) die vernouing van die vernouingsklank (in die geval van 'n nasaal die mondsluiting) vind plaas voor die sluiting van die eksplosief verbreek word, (b) die eksplosief het geen ontploffing wanneer die twee medeklinkers tot aparte lettergrepe behoort nie, daarenteë het dit wel ontploffing wanneer hulle tot dieselfde lettergreep behoort. Voorbeelde: **vērksa:m** *werksaam*, **vērklon** *werkloon*, **dakrant** *dakrand*, **ħa:knø:s** *haakneus*, **støkfərř** *stokverf*, **bre:kva:re** *breekware*, **spre:kma:t** *spraakmaat*, **bøtfərřrøk** *bidvertrek*, **søtvərřk** *sitwerk*, **vøtmē:s** *witmens* teenoor **knø:s** *kneus*, **klas** *klas*, **krom** *krom*, **laks** *laks*, **vøks** *wiks*.

365. Wanneer 'n homorgane eksplosief en vernouingsklank onmiddellik op mekaar volg in Afrikaans, merk ons die volgende twee besonderhede op in die artikulasie van die betrokke twee konsonante: (a) die eksplosief word nie ontplaf as die twee konsonante tot twee aparte lettergrepe behoort nie: bv. **it-si** *iet-sie*, **pøt-se:r** *pit-seer*, **bøsmøt-løk<sup>1</sup>** *besmet-lik*, **ømøt-løk** *onmiddellik*,<sup>2</sup> **ř:fərbøt-løk** *onverbiddelik*<sup>3</sup>; (b) die eksplosief en die vernouingsklank vorm 'n affrikaat (vgl. § 530) as hulle tot dieselfde lettergreep behoort; hier ontplaf die eksplosiewe in die frikatiewe gedeelte, maar daar is geen ontploffing waar te neem nie: bv. **pifs** *piets*, **ifs** *iets*, **ai-třa** *aitsa*, **ein-tøk** *eintlik*, **da:-tøk** *dadelik*, **tø:f** vir **klo:f** *kloof* (vgl. § 559), **meip** vir **kneip** *knyp* (vgl. § 566)

366. Wanneer twee homorgane medeklinkers onmiddellik op mekaar volg in Afrikaans, vorm die twee een enkel konsonant, hetsy kort, hetsy lank (vgl. §§ 376 en 377). Dis gewoonte in fonetiese skrif om by 'n lang medeklinker nie die lengteteken (die :) te gebruik nie, maar die konsonant in kwessie dubbel te skrywe. 'N dubbel konsonant is dit ewenwel nie (vgl. §§ 377-378).

Medeklinkers in hierdie posiesie is lank wanneer die dele van die woord nog apart gevoel word: bv. **kante:kønøř** *kanttekening*, naas **ħante:kønøř** *handtekening* of **ħanduk** *handdoek*, **bøddax** *biddag* naas **mødax** *middag*, **faddøksøl** *vatdeksel* naas **faduk** *vatdoek*, **ønnumløk** *onnoemlik* naas **øn'o:søl** *onnosel*, **løxxe:l** *liggeel* naas **løxøra:k** *liggeraak*.

367. Wanneer twee nie-homorgane eksplosiewe of 'n nie-homorgane eksplosief en vernouingsklank onmiddellik op mekaar volg in Afrikaans en die tweede meer agtertoe gevorm word as die

<sup>1</sup> Vgl. egter § 369.

<sup>2</sup> Dit is 'n historiese spelling. Beter sou wees *onmidlik*, vgl. die eerste outeur in *Gedenkboek*, bl. 274-275.

<sup>3</sup> Hierdie spelling is af te keur, vgl. die eerste outeur t.a.p.

<sup>4</sup> Vir die normale uitspraak, d.w.s. behalwe in geval e van besonder nadruk hierdie spelling af te keur en moes dit eintlik wees *daadlik*, vgl. t.a.p.

eerste, word die volgende besonderhede waargeneem in die artikulasie van die betrokke konsonante : (a) die sluiting van die eerste word verbreek voor die sluiting of vernouing van die tweede gevorm word, (b) die eerste eksplosief het 'n ontploffing, die tweede 'n hoorbare afsluiting, hoewel swak in albei gevalle : bv. **sla:ptɛit** *slaaptyd*, **sla:pka:mər** *slaapkamer*, **sve:pstɔk** *sweepstok*, **raps** *raps*, **stɔpna:lt** *stopnaald*, **sla:p la:t** *slaap laat*, **slapræx** *slaprug*, **sla:pxut** *slaapgoed*, **sətka:mər** *sitkamer*, **patkɔs** *padkos*, **pœtxra:vər** *putgrawer*.

#### ABNORMALE ONTPLOFFING

368. Wanneer die ontploffing van 'n eksplosief nie op die gewone manier plaasvind nie, word dit genoem 'n *abnormale ontploffing*. So vind die ontploffing van **k** in **knø:s** *kneus* nie deur die mond plaas nie, maar deur die neus en wel op dieselfde oomblik waarop die sluiting van die neuskanaal verbreek word vir die **n**.

369. Wanneer die verbindings **tn** en **tl** in vorme soos **tno:p** vir **kno:p** *knoop* en **tlo:f** vir **klo:f** *kloof* nie as affrikate uitgespreek word nie (in watter geval die sluitingselement in die frikatief-gedeelte ontplof), het ons hier ook abnormale ontploffing. By **tn** ontplof die **t** deur die neus, by **tl** aan een kant. Die eerste van hierdie twee soorte ontploffing word ook genoem *foukaal*, die tweede *lateraal*.

#### PLEK EN AFWISSELING VAN STEMLOSE EN STEMHEBBENDE KONSONANTE IN AFRIKAANS.

370. Stemhebbende frikatiewe word in Afrikaans op die end van 'n lettergreep stemloos. In die werklikheid lewer net **v w** voorbeelde op : bv. **ɛrf** *erf* naas die mv. **ɛr-və** *er-we*, **xɛrf** *gerf* naas die mv. **xɛr-və** *gerwe*.

371. Stemhebbende eksplosiewe word in Afrikaans op die end van 'n lettergreep voor 'n pouse stemloos. As afgesien word van die hoogs enkele voorbeeld met **b** (feitlik net **rəp—rəbə** *rib—ribbe*, die res is kultuurwoorde, versover dit bestaan), mag gesê word dat in die werklikheid net **d** voorbeelde oplewer : bv. **vo:rt** *woord* naas die mv. **vo:r-də** *woorde*, **ɦut** *hoed* naas die mv. **ɦu-də** *hoede*.

372. As twee eksplosiewe onmiddellik opmekaar volg in Afrikaans, word die volgende waargeneem :—

(i) Die twee eksplosiewe behoort altoos tot aparte lettergrepe.<sup>1</sup>

(ii) Wanneer die twee eksplosiewe homorgaan is en die eerste stemloos, maar die tweede stemhebbend, gaan die stemlose eksplosief oor tot die ooreenstemmende stemhebbende, sodat daar een konsonant ontstaan, lank of kort (vgl. § 366), m.a.w. **pb** > **bb** of **b**, **td** > **dd** of **d**, **kg** > **gg** of **g** : bv. **kləbbəŋk** *klipbank*,

<sup>1</sup>N woord soos **ptɔ(:)ləme:əs** *Ptolemeus* is 'n kultuurwoord en doen niks af aan die geldigheid van hierdie opmerking nie. Ook kan gehoor word **to(:)ləme:əs**.

**pɔddɛksəl** *potdeksel*, **dəq-qvarifhout** *dik ghwarriehout*. Die lengte van die hier bedoelde konsonant kan verskillend wees by verskillende sprekers, alnamate die dele van die samestelling (ons vind dit net in samestellinge) meer of minder gevoel word.

(iii) Wanneer die twee eksplosiewe nie-homorgaan is, is die eerste altoos stemloos, as staande op die end van 'n lettergreep (vgl. (a)), onverskillig of die tweede stemhebbend is of nie: bv. **lapdax** *lapdag*, **pətbo:m** *pitboom*, **bakdax** *bakdag*.

Waar die tweede eksplosief stemhebbend is, moet opgepas word om nie in die eerste die ooreenstemmende stemhebbende eksplosief te sien nie, veral waar, soos in die geval van die laaste twee voorbeelde, die eerste eksplosief sonder ontploffing, die tweede sonder hoorbare afsluiting is (vgl. § 363).

(iv) Die **dd** van bv. **pɔddɛksəl** verskil van die **d** van bv. **mudər** *moeder* in twee opsigte: (a) dis langer, (b) die begin is stemloos. Dieselfde geld van die ander twee eksplosiewe.

(v) In die geval onder (ii) genoem, kan die eerste eksplosief stemloos bly wanneer die lettergreep wat dit bevat met besonder nadruk uitgespreek word: bv. **dəs ə-vət duk, ni ə-svartə ni** *dis 'n wit doek, nie 'n swarte nie*.

(vi) Wanneer in die geval onder (ii) genoem die eerste eksplosief van nature stemhebbend is, word hy nie stemloos nie (gevalle met besonder nadruk uitgesonder), hoewel hy op die end van 'n lettergreep staan: bv. **as ək məi hænd-də:r hɔu** *as ek my hand daar hou*. Sodanige konsonant heet dan *gedek*. In die werklikheid lewer net **d** voorbeelde op (vgl. die vorige seksie). Die begin van die **dd** is stemloos (vgl. (iv)).

#### VOLGORDE VAN KONSONANTE IN AFRIKAANS.

373. 'N frikatief gevolg deur 'n eksplosief kom nie voor op die end van 'n lettergreep in Afrikaans nie, terwyl die omgekeerde volgorde gewoon is<sup>1</sup>: **drəf** *drif*, **krax** *krag* (teenoor Ndl. **drəft** *drift*, **kraxt** *kracht*), maar wəl **raps** *raps*, **nəks** *niks*, ens.

Die verdwene slot-eksplosief kom weer te voorskyn in die verboë vorm, nl. aan die begin van 'n volgende lettergreep, en wel meestal stemhebbend wanneer die konsonant oorspronklik stemhebbend was en omgekeerd: bv. **bəle:dəxdə** van **bəle:dəx** *beledig*, **bədrəktə** van **bədrək** *bedruk*. Die stemlose eksplosief word egter ook gehoor i.p.v. die oorspronklik stemhebbende: bv. **xəfre:stə** naas en i.p.v. **xəfre:sdə** *gevreesde*.

Opm.—In die binnelande is ewenwel gewoon **axt** *agt*.<sup>2</sup>

<sup>1</sup> Aan die begin van 'n lettergreep is die eerste kombinasie gewoon, maar kom net voor in die verbinding **s** + stemlose eksplosief: **spe:l** *speel*, **sta:n** *staan*, **skun** *schoen*, ens. Die tweede kombinasie kom nie voor nie.

<sup>2</sup> Hierdie vorm is te vind o.a. by Sangiro, *Op Safari* (Van Schaik, 1924), 47, 58, 60 en 86.

374. Onder Nederlandse invloed kan op die end van 'n lettergreep die kombinasie frikatief plus eksplosief in die geval van byvoeglike naamwoorde gehoor en veral op papier ontmoet word: bv. **bəfre:st** *bevreesd*, **bəfuxt** *bevoegd*, ens. By 'n paar byvoeglike naamwoorde is behoud van die eksplosief waarskynlik reël, so by **bəle:ft** *beleefd* en **bədə:st** *bedeesd*.

375. Van Ndl. **gəsp** *gesp* en **rasp** *rasp* het die Afrikaanse vorme 'n ə(r) op die end: **xɛspə(r)** *gespe(r)*, **raspə** *rasper*.

376. Twee eksplosiewe kom nie in dieselfde lettergreep voor in Afrikaans nie (vgl. § 372 (i) en noot 1), terwyl twee frikatiewe op die end gewoon is in hierdie posisie: bv. **tak tak** en **stəp stip** (teenoor Ndl. **takt takt** en **stəpt stipt**), maar wél **slə:fs slaafs**, **fərxə:fs vergeefs**, **rɛxs regs**, **slɛxs slegs**, ens.

Kultuurwoorde kan, om begryplike redes, 'n uitsondering vorm op hierdie reël. So kan gehoor word **takt takt** i.p.v. **tak**, onder Nederlandse invloed. Dit doen natuurlik niks af aan die geldigheid van die vorige opmerking nie.

#### DUBBEL EN LANG KONSONANTE.

377. Sogenaamde dubbel konsonante is nie werklik dubbel nie: hulle verskil van die enkel konsonant net daarin dat hulle langer aangehou word (die vernouing of afsluiting, al na die geval mag wees, duur langer). As ons **bəddax** vergelyk met **mədax**, is dit maklik om te hoor dat **dd** in die eerste geval langer aangehou word as **d** in die tweede.<sup>1</sup> In die eerste geval praat ons van 'n *dubbel konsonant*, in die tweede van 'n *enkel konsonant*. In die werklikheid het ons in die eerste geval 'n *lang konsonant*, in die tweede daarenteë 'n *kort medeklinker*. Lengte bestaan dus netsogoed by medeklinkers as by klinkers, maar in die laaste geval is dit duideliker, makliker waar te neem.

Dis gewoonte om in fonetiese skrif 'n sogenaamde dubbel konsonant, m.a.w. 'n lang konsonant, nie met die lengtetekens aan te dui nie, maar die simbool in kwessie dubbel te skrywe: bv. **bəddax** teenoor **mədax**.

378. 'N egte dubbel konsonant is een wat duidelik uit twee dele bestaan. Dit kan gebeur deurdat die eerste deel 'n ontploffing, die tweede 'n afsluiting het: bv. **ɛk 've:t tθ:ns kɔm ni** (met besonder nadruk op **ve:t** en 'n duidelike pouse, onderbreking tussen hierdie en die volgende woord) *ek weet Teuns kom nie*. Ons het hier feitlik twee aparte t's. Hierdie geval behoort egter tot die hoogste uitsondering, altans versover natuurlik gepraat word. Deurgaans sal dit gebeur deurdat by die tweede duidelik 'n toename in die krag van die asem te bespeur is: bv. **ɛk ve:t 'tɔx vat sei nɑ:m əs** *ek weet tōg wat sy naam is*, **ɛk mus 'sin ɔf-ei kɔm** *ek moes sien of hy kom*. In die eerste geval het die asem tot 'n nulpunt

<sup>1</sup> Dierede is duidelik: die twee samestellende dele van *biddag* word duidelik gevoel, terwyl *middag* 'n eenheid geword het, ter aanduiding van 'n bepaalde gedeelte van die dag.

gedaal by die afsluiting van t, om by die verbreking weer te styg, in die tweede geval, nl. by die voortsettingsklank s, is daar net 'n daling en daaropvolgende styging in die krag van die asem, sonder die geringste moment van stilte. In albei gevalle ewenwel word die twee dele duidelik gevoel as behorende tot twee aparte lettergrepe.

379. 'N dubbel konsonant (nie twee aparte konsonante nie) is bekend as *geminasie*. Die teenoorgestelde hiervan (d.w.s. 'n sogenaamde dubbel of lang konsonant) heet *haplogogie*. Dit het ons wanneer 'n klank in die werklikheid enkel is, maar, ten gevolge van klankillusie, sowel met die voorafgaande as met die volgende lettergreep verbind word: bv. *flœks(s)tə fluksste*, *hœi ka(n)-ni hy kan nie*.<sup>1</sup>

380. Dis natuurlik maklik om 'n „sogenaamde” dubbel konsonant as 'n „egte” dubbel konsonant uit te spreek, deur nl. net 'n daling en 'n styging in die krag van die asem te laat plaasvind. Op die manier kan die voorbeelde van die eerste klas, soos genoem in die volgende paragrawe, ook diens doen vir die tweede. Dit is egter nie wat in die natuurlike spraak gebeur nie.

381. Sogenaamde dubbel konsonante is betreklik seldsaam in Afrikaans. Dit kom voor in samestellinge waarvan die volgende lid met dieselfde konsonant beginne as waarmee die voorafgaande sluit, mits die dele nog duidelik gevoel word: bv. *bakkəs bakkis*, *mœlkkar melkkar*, *fœssɔp vissop*, *xrassa:t grassaad*.

382. In gevalle van besonder nadruk kan dit ook voorkom by afleidinge waarvan die voorvoegsel sluit met dieselfde medeklinker as waarmee die grondwoord beginne: bv. *'ɔppas oppas*, *'ɔnno:dəx onnodig*

383. Sogenaamde dubbel konsonante het ons ook by logiese woordgroepe, wat, uit 'n fonetiese oogpunt beskou, netsogoed 'n eenheid vorm as die een of ander woord self (vgl. § 978). Ons vind die dubbel konsonant naamlik waar twee opmekaarvolgende lede van so'n woordgroep respektieflik sluit en beginne met dieselfde konsonant: bv. *da:r sin ək ə 'xro:t ti:r* *daar sien ek 'n gróót tier*, *hi:r lœ: ə 'lɔs ste:n* *hier lê 'n los steen*. Vergelyk die posiesie van die hoofklem hier met die in § 378.

384. Sogenaamde dubbel konsonante moet goed onderskeie word van gevalle soos die volgende, wat skering en inslag vorm in Afrikaans: *matte* (mv. van *mat*) *matə* naas *mate* (m.v. van *maat*) *ma:tə*. Die t van die eerste woord is werklik 'n klein ietsie langer as die van die tweede<sup>2</sup>, maar die verskil is so klein dat dit prakties negeer word. In die gewone spelling moet die medeklinker in gevalle soos die eerste verdubbel word, omdat klinkers met hoofklem

<sup>1</sup> Duidelikhedshalwe skrywe ons die betrokke konsonant hier twee keer maar dis nie noodsaaklik nie. As dit wel gedaan word, word die eerste teken tussen ( ) geplaas, omdat die klank eintlik tot die volgende lettergreep behoort.

<sup>2</sup> Aangeneem mag word dat 'n medeklinker, onder gelyke omstandighede, 'n klein ietsie langer is na 'n kort as na 'n lang klinker: in die laaste geval is naamlik iets meer van die asem gebruik deur die voorafgaande lang klinker.

in oop lettergrepe in Afrikaans, soos in Nederlands, lank is en daar anders geen verskil sou wees tussen die stamklinker van vorme soos *matte* en *mate* nie.<sup>1</sup>

385. Dubbel konsonante is in Afrikaans bloot van fonetiese waarde, d.w.s. nie betekenisaanduidend nie, en verontagsaming van die betrokke klankelement sal nie aanleiding gee tot misverstand nie. Daar bestaan egter tale waarin dit wel die geval is, d.w.s. in sodanige tale is daar woorde wat, op die punt in kwessie na, volkome eners klink, terwyl die betekenis totaal verskillend is: bv. Ital. *fato fato* beteken „noodlot”, terwyl *fatto fatto* beteken „gedoen; saak”.<sup>2</sup> In sulke gevalle is die korrekte uitspraak natuurlik van die grootste waarde.

### SILLABIESE KONSONANTE.

386. In sommige tale is dit gewoon dat likwiedes sillabies voorkom (vgl. § 132). Dit is die geval o.a. in Engels, bv. met die l van *pi:pl* *people* en die n van *matn*<sup>3</sup> *mutton*. In Afrikaans kom, oor die algemeen, geen sillabiese likwiedes voor nie. Die lettergreep waartoe 'n likwiede behoort, bevat dus in Afrikaans in die reël altoos 'n klinker, as die klankrykste element. Hierdie klankrykste element noem ons die *kern* van die lettergreep of die *golftop*.<sup>4</sup> „Sillabies” wil sê lettergreepvormend.

387. Ons spelling is op hierdie punt baie inkonsekwent. Ons skrywe *jammer*, *emmer*, *enemmel*, *gorrel*, *orrel*, *allemastig*, *-mensig*, ens., maar *arm*, *kalm*, *derm*, *swerm*, *elm* (boog), *skelm*, ens. Tog is die kern, die sillabiese element in die slotlettergreep sowel van die laaste as van die eerste reeks van woorde 'n ə, m.a.w. die laaste reeks van woorde is almal tweelettergrepig, soos reeds uit die meervoudsvorme blyk.<sup>5</sup> Ons transkribeer dan ook *jamər*, maar netsogoed *arəm*, en desgelyks in die ander gevalle.

**Literatuur.**—Ons verwys na Jones, *Outline*, §§ 167-197 en 766 volg; Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, §§ 344-376; Jespersen, *Lehrbuch*, §§ 164-168 en *Phonetische Grundfragen*, §§ 116-122.

<sup>1</sup> Dit sou nie die geval wees nie as ons so ver kon kom om lang klinkers sowel in oop as in geslote lettergrepe, dubbel te skrywe: bv. *maate*, *waater*. ens. Hierdie gedagte het die tweede outeur uitgespreek in sy dissertasie vir die graad van M.A., ingelewer by die Universiteit van die Witwatersrand, end 1925, maar nie gedruk nie. Dis bekend dat Frederik Van Eeden hierdie spelling volg.

<sup>2</sup> Vgl. Noël-Armfield, *General Phonetics*, bl. 52, noot.

<sup>3</sup> Hollandssprekende Afrikaners moet oppas vir die gewone fout wat ons maak, naamlik om in gevalle soos hierdie uit te spreek *pi:pel* en *matən*.

<sup>4</sup> 'N likwiede kan sillabies voorkom: bv. *pit ə jan*, *ək ə ko:s*, *brɛ:k hɔm* vir wat deurgaans sou wees *pit ən jan* *Piet en Jan*, *ək əŋ ko:s* *ek en Koos*, *brɛ:k hɔm* *breek hom*. Gevalle soos hierdie vorm egter die hoë uitsondering. Die teken vir 'n sillabiese konsonant is 'n loodregte strepie onder die simbool in kwessie, of, as hy 'n beentjie het, bo.

<sup>5</sup> Dis die reël dat meerlettergrepige selfstandige naamwoorde met 'n swakbeklemdede endlettergreep die mv. op -s vorm. Vgl. Bouman-Pienaar, *Afrikaanse Spraakkuns*, § 75.

TABEL VAN KONSONANTE.

Plek van Manier van vorming → Bing →	Bi- labiale.	Dentale.	Labio- dentale.	Al- veolare.	Palato- al- veolare.	Pala- tale.	Velare.	Uwu- lare.	Gut- turale.
Eksplisiewe	p— <u>b</u>			t— <u>d</u>		c—( <u>ç</u> )	k— <u>g</u>		
Affrikate				<sup>ts</sup> tʃ— <u>dʒ</u> tn	tʃ— <u>dʒ</u>				
Frikatiewe	v— <u></u>	(θ)	f— <u>v</u>	s—( <u>z</u> )	ʃ	ç—( <u>j</u> )	x		
Triller				r— <u></u>				(R)	
Syklank				l— <u></u>					
Nasale	m— <u></u>		nj— <u></u>	n— <u></u>		n— <u></u>	ŋ— <u></u>		
Halfvokale	w— <u></u>					ɹ— <u></u>			h— <u></u>

Vergelyk vir die indeling van hierdie tabel §§ 152-154. Wat met 'n koppelteken verbind is, vorm 'n paar: stemloos en stemhebbend; die stemhebbende lid is onderstreep. Die simbole tussen ( ) stel minder gewone klanke voor.